066854

182969101F

RGN·HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND IMFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

0000798579

2844363866

001.3072068 HSRC KOMM N 106

*079857*

# Die agendastellende funksie van televisie tydens die 1983-referendum

Navorsingsbevinding Komm N-106

# Die agendastellende funksie van televisie tydens die 1983-referendum

D.P. Conradie

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1984

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC

1985 -05- 23

| STANDKODE | REGISTERNOMMER |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC KOMM N 106 | 066854 |
| BESTELNOMMER R/O | |


D.P. Conradie, Ph.D., Senior Navorsingspesialis

Instituut vir Kommunikasienavorsing
Uitvoerende Direkteur: Dr. P.C.J. Jordaan

ISBN 0 7969 0200 3

Prys: R8,75
(AVB uitgesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1984

Gedruk deur die RGN

INHOUD


| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| | SUMMARY / OPSOMMING | vii |
| 1 | AGTERGROND, DOEL EN METODE | 1 |
| 2 | NAVORSINGSRESULTATE | 10 |
| 3 | SAMEVATTING | 38 |
| | VERWYSINGS | 44 |
| | BYLAE A | 46 |

TABELLE

TABEL BLADSY

2.1 RANGORDE VAN TEMAS GENOEM IN VERSKILLENDE SOORTE PROGRAMME IN DIE STEEKPROEF VAN TELEVISIE-UITSENDINGS 18

2.2 RANGORDE VAN TEMAS GENOEM IN VERSKILLENDE SOORTE BOODSKAPPE IN DIE STEEKPROEF VAN TELEVISIE-UITSENDINGS 18

2.3 RANGORDE VAN TEMAS GENOEM DEUR VERSKILLENDE MEDEDELERS IN DIE STEEKPROEF VAN TELEVISIE-UITSENDINGS 19

2.4 RANGORDE VAN TEMAS GENOEM DEUR TOTALE STEEKPROEF VAN RESPONDENTE 19

2.5 RANGORDE VAN TEMAS GENOEM DEUR MANLIKE EN VROULIKE RESPONDENTE IN DIE STEEKPROEF 20

2.6 RANGORDE VAN TEMAS GENOEM DEUR AFRIKAANSSPREKENDE EN ENGELSSPREKENDE RESPONDENTE IN DIE STEEKPROEF 20

2.7 RANGORDE VAN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE WAT VROEG EN RESPONDENTE WAT LATER OOR HUL STEMGEDRAG BESLUIT HET 21

2.8 RANGORDE VAN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE WAT MIN EN RESPONDENTE WAT BAIE NUUSUITSENDINGS GEKYK HET 21

2.9 RANGORDE VAN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE WAT MIN EN RESPONDENTE WAT BAIE NUUSFOKUSPROGRAMME GEKYK HET 22

2.10 OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD IN ALLE PROGRAMME IN STEEKPROEF 23

2.11 OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD IN NUUSPROGRAMME 24

2.12 OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD IN NUUSFOKUSPROGRAMME 25

| TABEL | | BLADSY |
|---|---|---|
| 2.13 | OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD IN BOODSKAPPE OORREDEND TEN OPSIGTE VAN 'N JA-STEM | 26 |
| 2.14 | OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD IN BOODSKAPPE OORREDEND TEN OPSIGTE VAN 'N NEE-STEM | 27 |
| 2.15 | OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD IN BOODSKAPPE WAT SLEGS INLIGTING BEVAT | 28 |
| 2.16 | OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD DEUR DIE REGERING AS MEDEDELER | 29 |
| 2.17 | OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD DEUR DIE HNP AS MEDEDELER | 30 |
| 2.18 | OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD DEUR DIE KP AS MEDEDELER | 31 |
| 2.19 | OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD DEUR DIE NRP AS MEDEDELER | 32 |
| 2.20 | OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD DEUR DIE PFP AS MEDEDELER | 33 |
| 2.21 | OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD DEUR AKADEMICI AS MEDEDELERS | 34 |
| 2.22 | OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD DEUR DIE SAUK AS MEDEDELER | 35 |
| 2.23 | OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD DEUR KOERANTE AS MEDEDELERS | 36 |
| 2.24 | OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD DEUR SAKELUI AS MEDEDELERS | 37 |

## SUMMARY

The Institute for Communication Research of the HSRC launched a project consisting of two phases in order to study the possible agenda setting function of television during the 1983 referendum. Firstly a content analysis was made of the news and News Focus programmes that were broadcast during the six weeks preceding the referendum, and secondly a countrywide telephone survey two weeks after referendum day was conducted among a sample of people. The results contained in this publication concern both phases of the study and can be interpreted as a strong indication that the programmes broadcast on TV1 during the six weeks preceding referendum day had an agenda setting function with regard to the 1983 referendum.

## OPSOMMING

Ten einde die moontlike agendastellende funksie van televisie-uitsendings tydens die 1983-referendum te ondersoek, het die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN 'n projek geloods wat uit twee fases bestaan het, naamlik eerstens 'n inhoudsontleding van die nuus- en Nuusfokusprogramme wat tydens die ses weke voor die referendum gebeeldsend is, en tweedens 'n landwye telefoonopname wat twee weke na die referendum onder 'n steekproef persone uitgevoer is. Die resultate wat in hierdie publikasie bevat is, omsluit albei fases van die studie, en kan geïnterpreteer word as 'n sterk aanduiding dat die programme wat tydens die ses weke voor referendumdag oor die senders van TV1 gebeeldsend is, in die geheel 'n agendastellende funksie met betrekking tot die referendum van 1983 vervul het.

# HOOFSTUK 1

# AGTERGROND,DOEL EN METODE

## 1.1 AGTERGROND

Die referendum wat op 2 November 1983 in Suid-Afrika gehou is om te bepaal of die Blanke kiesers vir of teen die implementering van die Regering se nuwe voorgestelde grondwet is, is voorafgegaan deur 'n periode waarin die nuusmedia wye nuusdekking verleen het aan die referendumbeleid van elke politieke party in die land. Koerante het vir of teen die voorgestelde grondwet standpunt ingeneem, en op TV1 het daar tydens die ses weke voor die refendumdag 'n reeks spesiale Nuusfokusprogramme verskyn. Hierdie programme het uitsluitlik oor die grondwet en referendum gehandel, en het onder andere inligting bevat oor die werking van die nuwe grondwet en oor die menings van politici, politieke kommentators, koerantredakteurs en ander prominente persone in die samelewing.

In die uitsendings en berigte is sekere temas, byvoorbeeld sekere fasette of implikasies van die grondwet, vanselfsprekend in 'n groter mate benadruk as andere. Die vraag het nou ontstaan of die massamedia, en veral televisie, nie dalk hierdeur 'n agendastellende funksie met betrekking tot die referendum gespeel het nie. Met die agendastellende funksie van die massamedia word hier bedoel 'n bepaalde soort uitwerking wat die media op die gebruikers daarvan kan hê, naamlik om sekere temas as belangriker of relevanter as ander te laat voorkom (Cook et al. 1983). In die literatuur (kyk McLeod, Bekker en Byrnes 1974) is die eerste verwysing na die

agendastellende (Engels : "agenda setting ") funksie van die massamedia waarskynlik dié van Cohen (1963) wat verklaar het dat die pers ..."may not be successful much of the time in telling people what to think, but it is stunningly successful in telling its readers what to think about" (p. 13).

Een van die bekendste baanbrekerstudies wat die bestaan van die agendastellende proses empiries aagetoon het, was die ondersoek van McCombs en Shaw (1972). In hierdie en in soortgelyke navorsing was die klem op die ooreenkoms tussen dit wat in die massamedia verskyn het en dit wat die gebruikers van die massamedia as belangrik beskou het. In baie studies is rangordekorrelasies bereken om hiedie ooreenkomste te ondersoek. Op grond van sulke ooreenkomste is tentatiewe afleidings gemaak oor die moontlike uitwerking van bepaalde media-inhoude op die samelewing, (byvoorbeeld om sekere temas tydens 'n verkiesing as relevanter vir die kiesers te laat voorkom). Die rigting van die houdingverandering wat moontlik hiermee gepaard gegaan het, byvoorbeeld meer of minder steun vir 'n bepaalde kandidaat in 'n verkiesing, het egter nie deel van hierdie studies uitgemaak nie (Chaffee en Wilson 1977).

Ten einde die moontlike agendastellende funksie van televisie-uitsendings tydens die 1983-referendum te ondersoek, het die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN 'n projek geloods wat uit twee fases bestaan het, naamlik eerstens 'n inhoudsontleding van die nuus- en Nuusfokusprogramme wat tydens die ses weke voor die referendum gebeeldsaai is, en tweedens 'n landwye telefoonopname wat twee weke na die referendum onder 'n steekproef persone (voortaan respondente genoem) uitgevoer is. Die resultate

wat in hierdie twee fases verkry is, is afsonderlik gerapporteer (kyk Van Rooyen en Conradie 1984 en Van Vuuren en De Waal 1984). Die onderhawige publikasie handel oor die moontlike agendastellende funksie van televisie en omsluit albei fases van die studie .

## 1.2 DOEL

Die doel met die navorsing waaroor daar in hierdie publikasie gerapporteer word, is om die agendastellende funksie van televisie-uitsendings tydens die 1983-referendum te ondersoek deur na te gaan wat die ooreenkoms is tussen die temas wat die meeste deur die steekproef respondente genoem is (as redes vir hul asook ander se stemgedrag), en die temas wat tydens die ses weke voor referendumdag die meeste beklemtoon is in die nuus- en Nuusfokusuitsendings wat oor die referendum gehandel het. Wat hierdie beklemtoning van temas in uitsendings betref, sal die prominensie (rangorde) van temas in die geheel asook binne bepaalde soorte programinhoude (byvoorbeeld uitsprake wat aan verskillende bronne toegeskryf is of boodskappe wat uiteenlopende aanbevelings ten opsigte van stemgedrag tydens die referendum bevat) in berekening gebring word.

Aangesien daar in die literatuur aanduidings is dat die agendastellende funksie van die massamedia nie dieselfde is vir alle soorte gebruikers van die massamedia nie (Weaver et_al. 1975), sal daar nie slegs gelet word op die temas wat deur die totale steekproef van respondente genoem is nie, maar ook op dié wat deur bepaalde subgroepe respondente (byvoorbeeld mans of vroue en Afrikaanssprekendes of Engelssprekendes) genoem word. Volgens

Williams en Semlak (1978) kan die agendastellende proses tydens 'n verkiesing ook beïnvloed word deur die respondente se gebruik van die massamedia en deur die mate waarin hulle reeds besluit het hoedat hulle gaan stem. Gevolglik sal daar in die huidige studie ook afsonderlik aandag gegee word aan diegene wat min of baie na die betrokke nuus- en Nuusfokusprogramme op TV1 gekyk het, en daar sal ook onderskei word tussen diegene wat vroeg (meer as ses weke voor die referendum) en dié wat later oor hul stemkeuses besluit het.

## 1.3 ALGEMENE WERKSWYSE

### 1.3.1 Fase 1 : Inhoudsontleding van televisieprogramme

Die eerste fase van die navorsing (kyk Van Rooyen en Conradie 1984 vir volle besonderhede) is gebaseer op 'n steekproef televiesieprogramme bestaande uit alle agtuur nuus- en Nuusfokusprogramme wat tydens die ses weke voor referendumdag op TV1 gebeeldsaai is. Hierdie programme is elk op videoband op die dag van uitsending opgeneem. 'n Studie van die steekproef programme het aan die lig gebring dat daar veral gefokus is op tien temas wat met die voorgestelde grondwet verband hou, en 'n kategoriesisteem wat hiervoor voorsiening maak, is opgestel. Die tien temas wat geïdentifiseer is, was die volgende (kyk ook bylae A) :

(a) Grondwetlike verandering

(b) Magsdeling

(c) Posisie van Swartes

(d) Magte van die nuwe President

(e) Menseregte

(f) Ander aspekte van die grondwet (byvoorbeeld Presidentsraad)

(g) Godsdiens

(h) Buiteland : buitelandse reaksie / buitelandse betrekkinge

(i) Ekonomie : sanksies / stakings

(j) Algemeen

Die ontleding van die programme is deur opgeleide kodeerders gedoen wat alle besonderhede aangeteken het op 'n datavel wat spesiaal vir die doel ontwerp is. Voordat die ontleding 'n aanvang kon neem, is daar eers 'n studie gedoen waarin die interbeoordelaarsbetroubaarheid nagegaan is. Die doel hiermee was om die doeltreffendheid van die opleiding van die kodeerders asook die bruikbaarheid van die kategoriedefinisies te ondersoek. Krippendorff (1970) en Holsti (1969) se formules vir die berekening van betroubaarheidskoëffisiënte is hiervoor gebruik. Die verkreë saamgestelde betroubaarheidskoëffisiënte wat op elke vlak van ontleding verkry is, is as bevredigend beskou (gemiddeld 0,8) en daar kon met die ontleding voortgegaan word.

Tydens die ontleding is slegs boodskappe wat op die referendum betrekking gehad het, ontleed. By sulke boodskappe is daar gelet op die tyd (aantal sekondes) wat elke mededeler (die bron van die boodskap) aan elke tema bestee, die rigting van die boodskap (dit wil sê of dit oorredend ten opsigte van 'n ja-stem of 'n nee-stem is en/of dit slegs inligting bevat), asook op die besonderhede van die program waarin die boodskap voorkom. In hierdie verslag word daar slegs melding gemaak van die nege mededelers waaraan die meeste tyd afgestaan is, naamlik die Regering, die verskillende opposisiepartye (die HNP, die KP , die NRP en die PFP), akademici, die SAUK, koerante en sakelui.

1.3.2 Fase 2 : Opname onder respondente

Die tweede fase van die navorsing (kyk Van Vuuren en De Waal 1984 vir besonderhede) het bestaan uit 'n landwye telefoonopname onder 616 respondente. Die opname is kort na referendumdag gedoen, en slegs persone wat geregtig was om tydens die referendum te stem, is by die steekproef ingesluit. Gedurende die telefoniese onderhoude is die volgende drie vrae gevra oor die redes wat 'n rol by die stemgedrag in die referendum kon gespeel het:

(a) Om watter redes dink u het diegene wat ja in die pas afgelope referendum gestem het, wel so gestem ? U kan tot drie redes noem (in volgorde van belangrikheid).

(b) Om watter redes dink u het diegene wat nee in die pas afgelope referendum gestem het, wel so gestem ? U kan weer tot drie redes noem.

(c) Om watter redes is u persoonlik ten gunste van of teen die nuwe grondwet ? U kan ook hier tot drie redes noem.

Dit is duidelik aan die respondente gestel dat niemand hul verplig moes voel om die laaste van bogenoemde drie vrae te beantwoord nie. Ten spyte hiervan het daar slegs enkele gevalle voorgekom waar dit nie beantwoord is nie. Alle antwoorde op die drie vrae is woordeliks neergeskryf en is later gekodeer volgens dieselfde sisteem van temas wat in die eerste fase van die projek gebruik is om televisieprogramme te ontleed. Dieselfde sisteem van kategorieë is gebruik sodat dit moontlik sou wees om die ooreenkoms te ondersoek tussen dit wat op televisie gebeeldsend is en dit wat as redes vir die stemgedrag van die respondente aangegee is.

Bykomstig tot bostaande vrae is verskeie vrae oor agtergrondgegewens

ook aan die respondente gestel. Dit het ingesluit vrae oor die respondente se taal, geslag, televisiegebruik (hier is spesifiek gelet op die mate waarin die respondente gedurende die voorafgaande paar weke na die agtuur nuus- en Nuusfokusprogramme gekyk het), asook 'n vraag wat gelui het : 'Afgesien van hoe u gestem het, wanneer het u finaal tot u besluit gekom?' Die insluiting van hierdie vrae het dit moontlik gemaak om te let op die redes (temas) wat genoem is deur verskillende groeperings van respondente, naamlik mans / vroue, Afrikaanssprekendes / Engelssprekendes, diegene wat relatief min (minder as die mediaan van die steekproef) na die agtuur-nuusprogramme op TV1 gekyk het/ diegene wat relatief baie daarna gekyk het, diegene wat relatief min (minder as die mediaan) na die Nuusfokusprogramme gekyk het / diegene wat relatief baie daarna gekyk het, en diegene wat relatief vroeg (meer as ses weke voor referendumdag) oor hul stemkeuses in die referendum besluit het / diegene wat relatief later daaroor besluit het.

### 1.3.3 Verwerking van gegewens

Die eerste stap in die verwerking van gegewens was die berekening van die rangordes van die temas wat in die televisieprogramme voorgekom het. Hierdie rangordes is bereken op grond van die totale tyd wat aan elk van die tien temas afgestaan is. Die tema waaraan die meeste tyd gegee is, het die rangorde een gekry, die tema waaraan die tweede meeste tyd afgestaan is, die rangorde twee, ensovoorts. Temas wat ewe lank in die uitsendings voorgekom het, het met die oog op die latere berekening van rangordekorrelasies, gemiddelde rangordes ontvang (kyk Downie en Heath 1959, p. 179). Indien daar byvoorbeeld gevind is dat twee temas wat die meeste tyd opgeneem het (en wat dus die eerste en die tweede posisies moes

beklee) vir ewe veel minute ter sprake was, dan het hulle elk die rangorde 1,5 ontvang (want gemiddelde rangorde = (1+2)/2 = 1,5). Rangordes is afsonderlik bereken vir elk van die volgende :

(a) Die totale steekproef van uitsendings;

(b) die twee soorte programme in die steekproef (naamlik nuus- en Nuusfokusprogramme);

(c) die drie soorte boodskappe in die programme (naamlik boodskappe oorredend ten opsigte van 'n ja-stem, boodskappe oorredend ten opsigte van 'n nee-stem, en dié wat slegs inligting bevat het); en

(d) die nege mededelers waaraan die meeste tyd afgestaan is, (naamlik die Regering, die verskillende opposisiepartye (die HNP, die KP, die NRP en die PFP), akademici, die SAUK, koerante en sakelui).

Die tweede stap in die verwerking van gegewens was die berekening van die rangordes van die temas wat deur die respondente in die steekproefopname genoem is as die redes wat 'n rol by die stemgedrag in die referendum kon gespeel het. Rangordes is afsonderlik bereken ten opsigte van die antwoorde op elk van die drie vrae wat hieroor gehandel het, naamlik die vrae oor die redes vir 'n ja-stem, die redes vir 'n nee-stem, en die redes vir die respondente se eie stemkeuse. Die rangordes is verkry deur eenvoudig te bepaal hoeveel keer elk van die tien temas genoem is, en deur die temas hiervolgens te rangskik. Die genoemde drie soorte rangordes is bereken vir die totale steekproef van respondente, asook vir elk van die subgroepe respondente wat in paragraaf 1.3.2 genoem is (dit wil sê subgroepe wat verkry is op grond van verdelings volgens geslag, taal, die tydstip wanneer daar besluit is oor hoe om te stem, en die mate waarin daar na nuus- en Nuusfokusprogramme gekyk is).

Die laaste stap in die verwerking van die gegewens was die berekening van die rangordekorrelasies (Spearman se rho) tussen die rangorde van die temas wat in die televisieprogramme voorgekom het en die rangorde van die temas wat deur die respondente genoem is. Korrelasies is bereken vir die steekproewe van programme en respondente in die geheel, asook vir die verskillende subgroepe van programinhoude en respondente.

Die uitgangspunt vir die berekening van sulke korrelasies was dat indien daar wel sprake van 'n agendastellende proses is, dan behoort so 'n proses statisties betekenisvolle rangordekorrelasies tot gevolg te hê. By die interpretasie van sulke statisties betekenisvolle rangordekorrelasies moet daar altyd in gedagte gehou word dat hierdie korrelasies teoreties ook deur ander prosesse of faktore veroorsaak kan word, en dat die bestaan van hoë betekenisvolle korrelasies hoogstens geïnterpreteer kan word as 'n aanduiding dat televisie moontlik 'n agendastellende funksie tydens die referendum kon gespeel het.

# HOOFSTUK 2

# NAVORSINGSRESULTATE

Die resultate van hierdie ondersoek word aan die hand van 24 tabelle hierna bespreek. Die eerste 9 tabelle bevat slegs agtergrondgegewens oor die prominensie van die 10 temas wat ondersoek is : tabelle 2.1 tot 2.3 handel naamlik oor prominensie (soos uitgedruk in rangordes) van die temas in die televisie-uitsendings, terwyl tabelle 2.4 tot 2.9 dui op die rangordes van die temas wat deur die respondente (persone in die steekproef) genoem is as redes wat op die stemgedrag tydens die referendum betrekking gehad het. Die rangordes van die eerste drie tabelle is gebaseer op die aantal minute wat elke tema in die programme ter sprake was (kyk Van Rooyen en Conradie 1984 vir besonderhede), terwyl die rangordes in tabelle 2.4 tot 2.9 bereken is uit die aantal keer wat die temas deur die steekproef respondente genoem is (kyk ook Van Vuuren en De Waal 1984).

Tabelle 2.10 tot 2.24 bevat gegewens oor die ooreenkoms tussen die prominensie van die temas in die televisieprogramme en die prominensie van die temas wat deur die respondente genoem is. Hierdie ooreenkoms is ondersoek vir die steekproef programme en die steekproef respondente in die geheel asook vir die verskillende onderverdelings van die steekproewe, en word telkens deur rangordekorrelasies (Spearman se rho) tussen die betrokke rangordes uitgedruk.

## 2.1 RANGORDES VAN TEMAS (TABELLE 2.1 TOT 2.9)



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

In hierdie afdeling word agtergrondgegewens verskaf oor die prominensie (rangordes) van die 10 temas wat ondersoek is . Uit die rangordes wat na die voorkoms van die temas in die televisieprogramme verwys (tabel 2.1), kan afgelei word dat die tema "Grondwetlike verandering" die meeste voorgekom het (veral in nuusprogramme), terwyl die tema "Magsdeling" ook relatief prominent was (veral in Nuusfokusprogramme).

In die ontleding van die programme is ook gelet op die mate waarin tyd afgestaan is aan argumente wat by die verskillende temas oorredend ten opsigte van 'n ja- of 'n nee-stem was. Die boodskappe ten gunste van 'n ja-stem het meesal oor die temas "Grondwetlike verandering", "Magsdeling" en "Godsdiens" gehandel, terwyl "Magsdeling", "Grondwetlike verandering" en "Posisie van Swartes" die opvallendste temas was by die boodskappe wat 'n nee-stem gepropageer het (tabel 2.2). In die tabel word daar ook voorsiening gemaak vir 'n derde soort boodskap wat slegs 'n weerspieëling is van die inligting wat oor 'n bepaalde tema verskaf is, dit wil sê 'n boodskap wat nie oorredend na die een of ander rigting is nie. Daar is bevind dat die boodskappe wat as inligting geklassifiseer is, hoofsaaklik oor die temas "Algemeen", "Grondwetlike verandering" en "Magte van die President" gehandel het.

Tabel 2.3 gee 'n aanduiding van die volgorde van temas wat by die prominentste mededelers (bronne) in die programme aangetref is. Die mededeler wat die meeste tyd gegun is om oor die referendum te praat, naamlik die Regering, het die meeste tyd aan "Grondwetlike veranderings" bestee, terwyl "Godsdiens" en "Buiteland" die tweede



066854

en derde posisies ingeneem het. Woordvoerders van die vier Blanke opposisiepartye (die HNP, KP, NRP en PFP), aan wie gesamentlik naastenby net soveel tyd as die Regering verleen is, het veral "Magsdeling" en "Grondwetlike verandering" benadruk. In aansluiting hierby is menings van akademici die meeste ten opsigte van "Magsdeling" en "Grondwetlike verandering" gevra, terwyl SAUK-verteenwoordigers (soos nuuslesers en programaanbieders) en verteenwoordigers van koerante hoofsaaklik oor die tema "Algemeen" gepraat het. Waar sakelui as mededelers opgetree het, is die tema "Ekonomie" die meeste genoem.

As gelet word op watter temas die meeste deur die steekproef respondente genoem is, word 'n vaste patroon gesien wat geld vir die steekproef as geheel (tabel 2.4) asook vir al die onderverdelings volgens geslag (tabel 2.5), taal (tabel 2.6), die tydstip waarop daar besluit is oor hoe om te stem (tabel 2.7) en die mate waarin daar na nuus- en Nuusfokusprogramme gekyk is (tabelle 2.8 en 2.9). Hierdie patroon is naamlik

(a) dat die tema "Grondwetlike verandering" deurgaans die meeste genoem is as 'n rede wat die respondente se eie stemkeuse bepaal het;

(b) dat hierdie tema ("Grondwetlike verandering") ook volgens die respondente die vernaamste rede was waarom daar in die referendum "ja" gestem is; en

(c) dat die respondente van mening was dat "Magsdeling" die vernaamste rede was waarom daar in die referendum "nee" gestem is.

## 2.2 OOREENKOMS TUSSEN RANGORDES VAN TEMAS IN TELEVISIEPROGRAMME GEMELD EN RANGORDES VAN TEMAS DEUR REPONDENTE GENOEM (TABELLE 2.10 TOT 2.24)

In hierdie afdeling word elke statisties betekenisvolle rangordekorrelasies (rho-waarde) geïnterpreteer as 'n aanduiding dat die betrokke televisie-inhoud moontlik 'n agendastellende funksie met betrekking tot die referendum gespeel het. Aangesien daar drie vrae oor stemgedrag aan die respondente gestel is, is daar in die tabelle drie soorte rangordekorrelasies wat elk as 'n afsonderlike soort aanduiding van die bestaan van 'n agendastellende proses gesien kon word: Dié korrelasies wat verwys na die redes vir respondente se eie stemgedrag is beskou as die mees direkte aanduiding van die bestaan van so 'n proses, terwyl die ander twee soorte korrelasies, naamlik dié wat betrekking het op die respondente se menings oor wat die redes was waarom die publiek ja of nee gestem het, as meer indirekte aanduidings geïnterpreteer is. Die drie soorte korrelasies sou ook beskou kon word as afsonderlike aanduidings van die verskillende wyses waarop die agendastellende proses gefunksioneer het, naamlik om die temas wat in die programme voorgekom het op verskillende vlakke of dimensies (byvoorbeeld belangrikheid vir eie optrede en geskatte belangrikheid vir die optrede van ander) relevanter of prominenter vir die respondente te maak.

2.2.1 <u>Rangordekorrelasies vir al die programme gesamentlik (tabel 2.10)</u>

Dit is opvallend dat alle rangordekorrelasies in tabel 2.10 relatief hoog is (gewoonlik 0,80 of hoër), en dat almal statisties betekenisvol op die 5 %-vlak is. Hieruit kan eerstens afgelei word dat die rangordes van die temas wat op televisie genoem is in 'n hoë mate ooreenstem met die rangordes van die temas wat die respondente genoem het as die redes wat hul eie stemgedrag in die

referendum bepaal het. Hierdie ooreenkoms, wat as 'n direkte aanduiding van die bestaan van 'n agendastellende proses geïnterpreteer kan word, geld nie net vir die temas deur al die respondente genoem nie, maar ook vir die temas wat deur die verskillende subgroepe van persone afsonderlik genoem is, naamlik mans en vroue, Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes, diegene wat relatief vroeg en diegene wat relatief laat oor hul stemkeuse besluit het, asook diegene wat relatief min en diegene wat relatief baie na nuus- en Nuusfokusprogramme gekyk het.

By al die genoemde groeperings van respondente is daar verder ook bevind dat die rangordes van die temas wat in die programme voorgekom het betekenisvolle hoë ooreenkomste getoon het met sowel die rangordes van die temas wat as redes vir 'n ja-stem in die referendum genoem is, as met die rangordes van die temas wat as redes vir 'n nee-stem aangevoer is. Hierdie bevinding bied dus ook sterk indirekte steun aan die bewering dat die uitsendings in die geheel 'n agendastellende funksie tydens die referendum onder al die groepe respondente kon gespeel het.

### 2.2.2 Rangordekorrelasies vir nuus- en Nuusfokusprogramme (tabelle 2.11 tot 2.12)

Die rangorde van die temas wat in die nuusprogramme voorgekom het (tabel 2.11), korreleer statisties betekenisvol met dié van die temas wat deur die respondente genoem is as redes vir hul eie stemgedrag tydens die verkiesing. Hierdie bevinding geld vir die steekproef respondente in die geheel en ook vir al die subgroepe van persone wat in die tabel voorkom. Hierteenoor toon die rangordes van die temas wat in die Nuusfokusprogramme voorgekom het (tabel

2.12) heelwat minder ooreenkomste met die rangordes van die temas wat deur die verskillende subgroepe persone genoem is. 'n Moontlike afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die nuusprogramme in 'n groter mate as die Nuusfokusprogramme 'n agendastellende funksie met betrekking tot die respondente se eie stemgedrag vervul het. 'n Soortgelyke afleiding oor 'n relatief groter mate van vervulling van 'n agendastellende funksie deur nuusprogramme, kan ook moontlik gemaak word ten opsigte van die temas wat as redes vir 'n ja-stem gegee is. Wat die temas betref wat in verband met 'n nee-stem gemeld is, wil dit egter voorkom of die twee programsoorte waarskynlik albei by byna al die subgroepe respondente so 'n agendastellende funksie verrig het.

2.2.3 Rangordekorrelasies vir verskillende soorte boodskappe in die programme (tabelle 2.13 tot 2.15)

In hierdie onderafdeling word daar tussen drie soorte boodskappe onderskei, naamlik tussen dié wat oorredend ten opsigte van 'n ja-stem was, dié wat oorredend ten opsigte van 'n nee-stem was, en dié wat slegs inligting oor die referendum bevat het.

Soos waarskynlik op logiese gronde verwag kon word, het die rangordes van die temas in die boodskappe wat ja-oorredend was (tabel 2.13) veral verband gehou met die rangordes van die temas wat as redes vir 'n ja-stem aangegee is, terwyl dié van die temas in die boodskappe wat nee-oorredend was (tabel 2.14) hoofsaaklik verband gehou het met die rangordes van die temas wat as redes vir 'n nee-stem genoem is. In tabel 2.15 kan verder gesien word dat die rangordes van die temas in die boodskappe wat slegs inligting bevat het, slegs ooreengekom het met die rangordes van die temas wat as

redes vir 'n nee-stem gemeld is. Van die drie soorte boodskappe in die uitsendings was dit slegs by dié wat ja-oorredend was waar daar enigsins sprake van 'n agendastellende funksie ten opsigte van die respondente se eie stemgedrag was.

2.2.4 Rangordekorrelasies vir die verskillende groepe mededelers in die programme (tabelle 2.16 tot 2.24)

Die volgende is bevind ten opsigte van die mate van ooreenkoms tussen die rangordes van die temas wat deur die verskillende groepe mededelers in die uitsendings gemeld is en die rangordes van die temas wat deur die respondente tydens die telefoonopname genoem is.

* Die rangordes van die temas wat deur die steekproef respondente in die geheel as redes vir hul eie stemgedrag genoem is, het slegs in een geval statisties betekenisvol ooreengestem met die rangordes van die temas wat deur 'n groep mededelers in die programme genoem is, naamlik waar koerantverteenwoordigers die mededelers was. As verder gekyk word na die ooreenkomste met rangordes wat by subgroepe respondente gevind is, word gesien dat betekenisvolle korrelasies slegs voorgekom het in gevalle waar koerantverteenwoordigers (tabel 2.23) die Regering (tabel 2.16) of die Konserwatiewe Party (tabel 2.18) die mededeler in die televisieprogramme was. Hieruit kan afgelei word dat daar baie min direkte aanduidings was dat dit wat deur enige groep mededelers in die uitsendings gesê is afsonderlik 'n agendastellende funksie tydens die referendum vervul het. Die enigste moontlike uitsonderings hierop was waar koerantverteenwoordigers en in 'n mindere mate ook die Regering en die Konserwatiewe Party (KP) die mededelers was.

* Wat die meer indirekte aanduidings van die moontlike bestaan van 'n agendastellende proses betref, dit wil sê die korrelasies wat verwys na die redes waarom daar ja of nee gestem is, blyk dit ook dat die rangordes van die wat deur die afsonderlike groepe mededelers in die programme genoem is in die meeste gevalle nie verband gehou het met die rangordes van die redes wat deur die respondente gemeld is nie. Die opvallendste uitsonderings hierop was dié waar die Konserwatiewe Party (tabel 2.18), koerantverteenwoordigers (tabel 2.23) of SAUK-verteenwoordigers (tabel 2.22) as mededelers in die programme opgetree het : die rangordes van die temas wat deur hulle genoem is, het naamlik betekenisvol ooreengestem met dié van die temas wat die respondente as redes vir 'n nee-stem aangedui het. Die rangordes wat by die Regering as mededeler gekry is, het verder ook 'n mate van ooreenkoms getoon met die rangordes van die temas wat sekere subgroepe van respondente as redes vir 'n ja-stem verstrek het (tabel 2.16).

* Die uitsprake van sekere mededelers in die uitsendings het geen of slegs enkele statisties betekenisvolle rangordekorrelasies getoon met die temas wat die respondente as bepalend vir stemgedrag aangedui het. Hierdie mededelers was die Herstigte Nasionale Party (tabel 2.17), die Nuwe Republiekparty (tabel 2.19), die Progressiewe Party (tabel 2.20), akademici (tabel 2.21) en sakelui (tabel 2.24). Die meeste ooreenkomste, en dus ook die meeste aanduidings van 'n agendastellende proses, het voorgekom in gevalle waar koerantverteenwoordigers as mededelers in die programme opgetree het (tabel 2.23).

TABEL 2.1

RANGORDE VAN TEMAS GENOEM IN VERSKILLENDE SOORTE PROGRAMME IN DIE STEEKPROEF VAN TELEVISIE-UITSENDINGS

| Tema | Programsoort | | |
|---|---|---|---|
| | Nuus | Nuus-fokus | Alle programme * |
| Grondwetlike verandering | 1,0 | 2 | 1 |
| Magsdeling | 3,0 | 1 | 2 |
| Posisie van Swartes | 4,0 | 4 | 4 |
| President | 8,0 | 6 | 7 |
| Menseregte | 9,5 | 8 | 9 |
| Ander aspekte van grondwet | 9,5 | 10 | 10 |
| Godsdiens | 5,0 | 5 | 5 |
| Buiteland | 7,0 | 9 | 8 |
| Ekonomie | 6,0 | 7 | 6 |
| Algemeen | 2,0 | 3 | 3 |

* Nuus- en Nuusfokusprogramme.

TABEL 2.2

RANGORDE VAN TEMAS GENOEM IN VERSKILLENDE SOORTE BOODSKAPPE IN DIE STEEKPROEF VAN TELEVISIE-UITSENDINGS

| Tema | Soort boodskap | | |
|---|---|---|---|
| | Ja-oorredend | Nee-oorredend | Inligting |
| Grondwetlike verandering | 1 | 2 | 2 |
| Magsdeling | 2 | 1 | 4 |
| Posisie van Swartes | 5 | 3 | 5 |
| President | 9 | 8 | 3 |
| Menseregte | 8 | 7 | 9 |
| Ander aspekte van grondwet | 10 | 9 | 7 |
| Godsdiens | 3 | 6 | 6 |
| Buiteland | 7 | 10 | 10 |
| Ekonomie | 6 | 5 | 8 |
| Algemeen | 4 | 4 | 1 |

TABEL 2.3

RANGORDE VAN TEMAS GENOEM DEUR VERSKILLENDE MEDEDELERS IN DIE STEEKPROEF VAN TELEVISIE-UITSENDINGS

| Tema | Mededelers | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regering | Die HNP | Die KP | Die NRP | Die PFP | Akademici | Die SAUK | Koerante | Sakelui |
| Grondwetlike verandering | 1 | 2,0 | 2,0 | 2 | 1,0 | 2,0 | 3 | 2,0 | 2,0 |
| Magsdeling | 5 | 1,0 | 1,0 | 3 | 2,0 | 1,0 | 2 | 3,0 | 4,0 |
| Posisie van Swartes | 6 | 4,0 | 6,0 | 1 | 3,0 | 7,0 | 6 | 4,0 | 6,0 |
| President | 8 | 7,5 | 5,0 | 7 | 9,5 | 3,0 | 9 | 5,0 | 8,5 |
| Menseregte | 7 | 7,5 | 9,5 | 5 | 4,0 | 9,5 | 7 | 8,5 | 8,5 |
| Ander aspekte van grondwet | 10 | 7,5 | 7,0 | 9 | 5,0 | 8,0 | 8 | 8,5 | 8,5 |
| Godsdiens | 2 | 7,5 | 3,0 | 9 | 8,0 | 4,0 | 4 | 6,0 | 3,0 |
| Buiteland | 3 | 7,5 | 9,5 | 9 | 9,5 | 9,5 | 10 | 8,5 | 8,5 |
| Ekonomie | 9 | 3,0 | 8,0 | 6 | 6,0 | 6,0 | 5 | 8,5 | 1,0 |
| Algemeen | 4 | 7,5 | 4,0 | 4 | 7,0 | 5,0 | 1 | 1,0 | 5,0 |

TABEL 2.4

RANGORDE VAN TEMAS GENOEM DEUR TOTALE STEEKPROEF VAN RESPONDENTE

| Tema | Redes eie stem | Redes ja-stem | Redes nee-stem |
|---|---|---|---|
| Grondwetlike verandering | 1 | 1,0 | 3 |
| Magsdeling | 3 | 2,0 | 1 |
| Posisie van Swartes | 4 | 5,0 | 4 |
| President | 8 | 9,5 | 7 |
| Menseregte | 10 | 9,5 | 9 |
| Ander aspekte van grondwet | 8 | 8,0 | 6 |
| Godsdiens | 6 | 6,0 | 5 |
| Buiteland | 5 | 4,0 | 9 |
| Ekonomie | 8 | 7,0 | 9 |
| Algemeen | 2 | 3,0 | 2 |

TABEL 2.5

RANGORDE VAN TEMAS GENOEM DEUR MANLIKE EN VROULIKE RESPONDENTE IN DIE STEEKPROEF

| Tema | Manlike respondente | | | Vroulike respondente | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Redes eie stem | Redes ja-stem | Redes nee-stem | Redes eie stem | Redes ja-stem | Redes nee-stem |
| Grondwetlike verandering | 1,0 | 1,0 | 3,0 | 1,0 | 1,0 | 2,0 |
| Magsdeling | 2,0 | 2,0 | 1,0 | 3,0 | 2,0 | 1,0 |
| Posisie van Swartes | 4,0 | 6,5 | 4,0 | 4,0 | 5,0 | 4,0 |
| President | 7,0 | 9,5 | 7,0 | 9,0 | 9,5 | 6,5 |
| Menseregte | 8,0 | 9,5 | 8,5 | 10,0 | 9,5 | 9,5 |
| Ander aspekte van grondwet | 9,5 | 8,0 | 6,0 | 7,5 | 8,0 | 6,5 |
| Godsdiens | 5,0 | 5,0 | 5,0 | 6,0 | 6,5 | 5,0 |
| Buiteland | 6,0 | 4,0 | 10,0 | 5,0 | 4,0 | 8,0 |
| Ekonomie | 9,5 | 6,5 | 8,5 | 7,5 | 6,5 | 9,5 |
| Algemeen | 3,0 | 3,0 | 2,0 | 2,0 | 3,0 | 3,0 |

TABEL 2.6

RANGORDE VAN TEMAS GENOEM DEUR AFRIKAANSSPREKENDE EN ENGELSSPREKENDE RESPONDENTE IN DIE STEEKPROEF

| Tema | Afrikaanssprekendes | | | Engelssprekendes | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Redes eie stem | Redes ja-stem | Redes nee-stem | Redes eie stem | Redes ja-stem | Redes nee-stem |
| Grondwetlike verandering | 1,0 | 1,0 | 3,0 | 1,0 | 1,0 | 2,5 |
| Magsdeling | 2,0 | 2,0 | 1,0 | 3,0 | 3,0 | 1,0 |
| Posisie van Swartes | 5,5 | 7,0 | 4,0 | 4,0 | 5,0 | 4,0 |
| President | 9,5 | 9,5 | 7,5 | 6,5 | 9,0 | 6,5 |
| Menseregte | 9,5 | 9,5 | 7,5 | 8,5 | 9,0 | 9,0 |
| Ander aspekte van grondwet | 8,0 | 7,5 | 8,0 | 8,5 | 9,0 | 5,0 |
| Godsdiens | 5,5 | 5,0 | 5,0 | 6,5 | 6,5 | 6,5 |
| Buiteland | 4,0 | 4,0 | 7,5 | 5,0 | 4,0 | 9,0 |
| Ekonomie | 7,0 | 6,0 | 10,0 | 10,0 | 6,5 | 9,0 |
| Algemeen | 3,0 | 3,0 | 2,0 | 2,0 | 2,0 | 2,5 |

TABEL 2.7

RANGORDE VAN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE WAT VROEG EN RESPONDENTE WAT LATER OOR HUL STEMGEDRAG BESLUIT HET

| Tema | Vroeg besluit | | | Later besluit | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Redes eie stem | Redes ja-stem | Redes nee-stem | Redes eie stem | Redes ja-stem | Redes nee-stem |
| Grondwetlike verandering | 1 | 1,0 | 3,0 | 1 | 1 | 2 |
| Magsdeling | 2 | 2,0 | 1,0 | 3 | 2 | 1 |
| Posisie van Swartes | 4 | 7,0 | 4,0 | 4 | 5 | 4 |
| President | 8 | 9,5 | 7,0 | 8 | 9 | 6 |
| Menseregte | 10 | 9,5 | 8,5 | 10 | 9 | 9 |
| Ander aspekte van grondwet | 8 | 8,0 | 6,0 | 8 | 9 | 9 |
| Godsdiens | 5 | 5,5 | 5,0 | 6 | 6 | 5 |
| Buiteland | 6 | 5,5 | 8,5 | 5 | 4 | 9 |
| Ekonomie | 8 | 4,0 | 10,0 | 8 | 7 | 7 |
| Algemeen | 3 | 3,0 | 2,0 | 2 | 3 | 3 |

TABEL 2.8

RANGORDE VAN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE WAT MIN EN RESPONDENTE WAT BAIE NUUSUITSENDINGS GEKYK HET

| Tema | Min nuus gekyk | | | Baie nuus gekyk | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Redes eie stem | Redes ja-stem | Redes nee-stem | Redes eie stem | Redes ja-stem | Redes nee-stem |
| Grondwetlike verandering | 1 | 1,0 | 3,0 | 1,0 | 1,0 | 2,0 |
| Magsdeling | 3 | 2,0 | 1,0 | 3,0 | 2,0 | 1,0 |
| Posisie van Swartes | 4 | 5,5 | 4,0 | 5,0 | 6,0 | 4,0 |
| President | 9 | 8,5 | 6,0 | 7,5 | 9,5 | 8,0 |
| Menseregte | 7 | 8,5 | 8,0 | 10,0 | 9,5 | 10,0 |
| Ander aspekte van grondwet | 9 | 8,5 | 7,0 | 7,5 | 8,0 | 5,5 |
| Godsdiens | 5 | 5,5 | 5,0 | 7,5 | 7,0 | 5,5 |
| Buiteland | 6 | 4,0 | 9,5 | 4,0 | 4,0 | 8,0 |
| Ekonomie | 9 | 8,5 | 9,5 | 7,5 | 5,0 | 8,0 |
| Algemeen | 2 | 3,0 | 2,0 | 2,0 | 3,0 | 3,0 |

TABEL 2.9

RANGORDE VAN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE WAT MIN EN RESPONDENTE WAT BAIE NUUSFOKUSPROGRAMME GEKYK HET

| Tema | Min Nuusfokus gekyk | | | Baie Nuusfokus gekyk | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Redes eie stem | Redes ja-stem | Redes nee-stem | Redes eie stem | Redes ja-stem | Redes nee-stem |
| Grondwetlike verandering | 1,0 | 1,0 | 3,0 | 1,0 | 1,0 | 2,0 |
| Magsdeling | 3,0 | 3,0 | 1,0 | 2,5 | 2,0 | 1,0 |
| Posisie van Swartes | 4,0 | 5,0 | 4,0 | 5,0 | 5,5 | 4,0 |
| President | 7,0 | 9,5 | 6,0 | 9,0 | 9,5 | 7,5 |
| Menseregte | 8,0 | 9,5 | 8,5 | 10,0 | 9,5 | 9,5 |
| Ander aspekte van grondwet | 9,5 | 7,5 | 7,0 | 7,5 | 8,0 | 6,0 |
| Godsdiens | 5,0 | 6,0 | 5,0 | 6,0 | 7,0 | 5,0 |
| Buiteland | 6,0 | 4,0 | 10,0 | 4,0 | 4,0 | 7,5 |
| Ekonomie | 9,5 | 7,5 | 8,5 | 7,5 | 5,5 | 9,5 |
| Algemeen | 2,0 | 2,0 | 2,0 | 2,5 | 3,0 | 3,0 |

TABEL 2.10

ÔÖREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD IN ALLE PROGRAMME IN STEEKPROEF

| Onderwerp | Respondente | rho | t-waarde | Betekenisvol* |
|---|---|---|---|---|
| Redes eie stem | Almal | 0,87 | 2,60000 | Ja |
| Redes eie stem | Mans | 0,89 | 2,68182 | Ja |
| Redes eie stem | Vroue | 0,85 | 2,53636 | Ja |
| Redes eie stem | Afrikaanssprekend | 0,82 | 2,45455 | Ja |
| Redes eie stem | Engelssprekend | 0,81 | 2,41818 | Ja |
| Redes eie stem | Besluit vroeg** | 0,92 | 2,74545 | Ja |
| Redes eie stem | Besluit later | 0,87 | 2,60000 | Ja |
| Redes eie stem | Min nuus gekyk*** | 0,85 | 2,56364 | Ja |
| Redes eie stem | Baie nuus gekyk | 0,79 | 2,36364 | Ja |
| Redes eie stem | Min Nuusfokus gekyk | 0,88 | 2,64545 | Ja |
| Redes eie stem | Baie Nuusfokus gekyk | 0,81 | 2,41818 | Ja |
| Redes ja-stem | Almal | 0,82 | 2,46364 | Ja |
| Redes ja-stem | Mans | 0,80 | 2,40000 | Ja |
| Redes ja-stem | Vroue | 0,82 | 2,45455 | Ja |
| Redes ja-stem | Afrikaanssprekend | 0,77 | 2,31364 | Ja |
| Redes ja-stem | Engelssprekend | 0,84 | 2,51818 | Ja |
| Redes ja-stem | Besluit vroeg | 0,82 | 2,45455 | Ja |
| Redes ja-stem | Besluit later | 0,85 | 2,56364 | Ja |
| Redes ja-stem | Min nuus gekyk | 0,82 | 2,46364 | Ja |
| Redes ja-stem | Baie nuus gekyk | 0,78 | 2,35455 | Ja |
| Redes ja-stem | Min Nuusfokus gekyk | 0,79 | 2,36364 | Ja |
| Redes ja-stem | Baie Nuusfokus gekyk | 0,80 | 2,40000 | Ja |
| Redes nee-stem | Almal | 0,81 | 2,41818 | Ja |
| Redes nee-stem | Mans | 0,80 | 2,40909 | Ja |
| Redes nee-stem | Vroue | 0,84 | 2,50909 | Ja |
| Redes nee-stem | Afrikaanssprekend | 0,83 | 2,47727 | Ja |
| Redes nee-stem | Engelssprekend | 0,75 | 2,25455 | Ja |
| Redes nee-stem | Besluit vroeg | 0,77 | 2,30000 | Ja |
| Redes nee-stem | Besluit later | 0,96 | 2,89091 | Ja |
| Redes nee-stem | Min nuus gekyk | 0,81 | 2,42727 | Ja |
| Redes nee-stem | Baie nuus gekyk | 0,83 | 2,48182 | Ja |
| Redes nee-stem | Min Nuusfokus gekyk | 0,84 | 2,51818 | Ja |
| Redes nee-stem | Baie Nuusfokus gekyk | 0,81 | 2,43636 | Ja |

* "Ja" dui daarop dat $p<0,05$.

** In hierdie en in die hieropvolgende tabelle beteken "vroeg" meer as ses weke voor referendumdag.

*** In hierdie en in die hieropvolgende tabelle beteken "min" minder as die mediaan van die steekproef respondente.

TABEL 2.11

OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD IN NUUSPROGRAMME

| Onderwerp | Respondente | rho | t-waarde | Betekenisvol* |
|---|---|---|---|---|
| Redes eie stem | Almal | 0,93 | 2,79091 | Ja |
| Redes eie stem | Mans | 0,89 | 2,66364 | Ja |
| Redes eie stem | Vroue | 0,92 | 2,77273 | Ja |
| Redes eie stem | Afrikaanssprekend | 0,88 | 2,65455 | Ja |
| Redes eie stem | Engelssprekend | 0,84 | 2,51818 | Ja |
| Redes eie stem | Besluit vroeg | 0,94 | 2,82727 | Ja |
| Redes eie stem | Besluit later | 0,93 | 2,79091 | Ja |
| Redes eie stem | Min nuus gekyk | 0,89 | 2,68182 | Ja |
| Redes eie stem | Baie nuus gekyk | 0,86 | 2,58182 | Ja |
| Redes eie stem | Min Nuusfokus gekyk | 0,90 | 2,70000 | Ja |
| Redes eie stem | Baie Nuusfokus gekyk | 0,88 | 2,65455 | Ja |
| Redes ja-stem | Almal | 0,89 | 2,66364 | Ja |
| Redes ja-stem | Mans | 0,87 | 2,60000 | Ja |
| Redes ja-stem | Vroue | 0,88 | 2,65455 | Ja |
| Redes ja-stem | Afrikaanssprekend | 0,84 | 2,52273 | Ja |
| Redes ja-stem | Engelssprekend | 0,92 | 2,74545 | Ja |
| Redes ja-stem | Besluit vroeg | 0,87 | 2,60000 | Ja |
| Redes ja-stem | Besluit later | 0,91 | 2,71818 | Ja |
| Redes ja-stem | Min nuus gekyk | 0,87 | 2,60000 | Ja |
| Redes ja-stem | Baie nuus gekyk | 0,85 | 2,55455 | Ja |
| Redes ja-stem | Min Nuusfokus gekyk | 0,88 | 2,64545 | Ja |
| Redes ja-stem | Baie Nuusfokus gekyk | 0,87 | 2,60000 | Ja |
| Redes nee-stem | Almal | 0,79 | 2,37273 | Ja |
| Redes nee-stem | Mans | 0,77 | 2,31818 | Ja |
| Redes nee-stem | Vroue | 0,82 | 2,44545 | Ja |
| Redes nee-stem | Afrikaanssprekend | 0,81 | 2,44091 | Ja |
| Redes nee-stem | Engelssprekend | 0,73 | 2,19091 | Nee |
| Redes nee-stem | Besluit vroeg | 0,75 | 2,26364 | Ja |
| Redes nee-stem | Besluit later | 0,91 | 2,71818 | Ja |
| Redes nee-stem | Min nuus gekyk | 0,76 | 2,29091 | Ja |
| Redes nee-stem | Baie nuus gekyk | 0,83 | 2,50000 | Ja |
| Redes nee-stem | Min Nuusfokus gekyk | 0,79 | 2,37273 | Ja |
| Redes nee-stem | Baie Nuusfokus gekyk | 0,81 | 2,43636 | Ja |

* "Ja" dui daarop dat $p<0,05$.

TABEL 2.12

OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD IN NUUSFOKUSPROGRAMME

| Onderwerp | Respondente | rho | t-waarde | Betekenisvol* |
|---|---|---|---|---|
| Redes eie stem | Almal | 0,78 | 2,34545 | Ja |
| Redes eie stem | Mans | 0,89 | 2,66364 | Ja |
| Redes eie stem | Vroue | 0,74 | 2,22727 | Nee |
| Redes eie stem | Afrikaanssprekend | 0,71 | 2,12727 | Nee |
| Redes eie stem | Engelssprekend | 0,78 | 2,34545 | Ja |
| Redes eie stem | Besluit vroeg | 0,85 | 2,56364 | Ja |
| Redes eie stem | Besluit later | 0,78 | 2,34545 | Ja |
| Redes eie stem | Min nuus gekyk | 0,82 | 2,45455 | Ja |
| Redes eie stem | Baie nuus gekyk | 0,69 | 2,07273 | Nee |
| Redes eie stem | Min Nuusfokus gekyk | 0,86 | 2,59091 | Ja |
| Redes eie stem | Baie Nuusfokus gekyk | 0,70 | 2,09091 | Nee |
| Redes ja-stem | Almal | 0,71 | 2,13636 | Nee |
| Redes ja-stem | Mans | 0,68 | 2,05455 | Nee |
| Redes ja-stem | Vroue | 0,70 | 2,10909 | Nee |
| Redes ja-stem | Afrikaanssprekend | 0,65 | 1,95000 | Nee |
| Redes ja-stem | Engelssprekend | 0,72 | 2,17273 | Nee |
| Redes ja-stem | Besluit vroeg | 0,69 | 2,07273 | Nee |
| Redes ja-stem | Besluit later | 0,76 | 2,27273 | Ja |
| Redes ja-stem | Min nuus gekyk | 0,75 | 2,26364 | Ja |
| Redes ja-stem | Baie nuus gekyk | 0,65 | 1,95455 | Nee |
| Redes ja-stem | Min Nuusfokus gekyk | 0,67 | 2,01818 | Nee |
| Redes ja-stem | Baie Nuusfokus gekyk | 0,67 | 2,01818 | Nee |
| Redes nee-stem | Almal | 0,85 | 2,56364 | Ja |
| Redes nee-stem | Mans | 0,86 | 2,59091 | Ja |
| Redes nee-stem | Vroue | 0,87 | 2,60000 | Ja |
| Redes nee-stem | Afrikaanssprekend | 0,88 | 2,64091 | Ja |
| Redes nee-stem | Engelssprekend | 0,80 | 2,40000 | Ja |
| Redes nee-stem | Besluit vroeg | 0,83 | 2,48182 | Ja |
| Redes nee-stem | Besluit later | 0,99 | 2,96364 | Ja |
| Redes nee-stem | Min nuus gekyk | 0,89 | 2,68182 | Ja |
| Redes nee-stem | Baie nuus gekyk | 0,82 | 2,44545 | Ja |
| Redes nee-stem | Min Nuusfokus gekyk | 0,91 | 2,73636 | Ja |
| Redes nee-stem | Baie Nuusfokus gekyk | 0,82 | 2,47273 | Ja |

* "Ja" dui daarop dat $p<0,05$.

TABEL 2.13

OOREENKOMS TUSSEN TEMAS GENOEM DEUR RESPONDENTE EN TEMAS GEMELD IN BOODSKAPPE OORREDEND TEN OPSIGTE VAN 'N JA-STEM

| Onderwerp | Respondente | rho | t-waarde | Betekenisvol* |
|---|---|---|---|---|
| Redes eie stem | Almal | 0,81 | 2,41818 | Ja |
| Redes eie stem | Mans | 0,86 | 2,57273 | Ja |
| Redes eie stem | Vroue | 0,81 | 2,42727 | Ja |
| Redes eie stem | Afrikaanssprekend | 0,85 | 2,56364 | Ja |
| Redes eie stem | Engelssprekend | 0,72 | 2,14545 | Nee |
| Redes eie stem | Besluit vroeg | 0,88 | 2,63636 | Ja |
| Redes eie stem | Besluit later | 0,81 | 2,41818 | Ja |
| Redes eie stem | Min nuus gekyk | 0,87 | 2,60000 | Ja |
| Redes eie stem | Baie nuus gekyk | 0,70 | 2,10909 | Nee |
| Redes eie stem | Min Nuusfokus gekyk | 0,83 | 2,50000 | Ja |
| Redes eie stem | Baie Nuusfokus gekyk | 0,80 | 2,40000 | Ja |
| Redes ja-stem | Almal | 0,84 | 2,51818 | Ja |
| Redes ja-stem | Mans | 0,86 | 2,58182 | Ja |
